Kokkewiet Pre-Primêre Skool

VoortrekkerStraat 41
Ashley

Posbus 10088
Ashwood
3605

Tel: 031 7021193
Faks: 0865246128
E-pos: Kokkewiet@worldonline.co.za
Webblad: www.kokkewiet.co.za

2020-06-29

Geagte ouer

COVID-19 : VEILIGHEIDSMAATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN VIR OUERS

Met die skool wat op 6 Julie 2020 gaan heropen vir ons personeel en Gr R leerders is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare maatreëls in plek gestel moet word om die veiligheid van die leerders, personeel en gemeenskap te verseker.

1. MAATREËLS VIR DIE BEVEILIGING VAN KOKKEWIET PRE-PRIMÊR SE PERSONEEL EN LEERDERS BY DIE SKOOL:

- Handhigiëne moet op 'n gereelde basis gehandhaaf word deur die gereelde was van hande of deur gebruik te maak van alkoholiese handontsmettingsmiddels.
- Personeel is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hul eie klaskamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram gevolg word met die nodige middels wat kleuter vriendelik is. Klem sal gelê word op hoë risiko-oppervlaktes soos tafels, deurhandvatsels, stoele, deurknoppe en badkamers.
- Sosiale afstand sal **sover moontlik** gehandhaaf word, buite op die terrein sowel as in die klaskamer. Daar sal vyf maniere van groet aan die leerders geleer word.
- Personeel en slegs Gr R leerders sal verplig wees om maskers te dra. Geen leerder tussen die ouderdom van 2 tot 5 jaar moet maskers dra nie. Indien u verkies dat u kind wel een moet dra sal dit deur die skool aanvaar word.
- Alle leerders se temperatuur sal soggens by die nasorghek (in die motor) geneem word asook voor vertrek tyd.
- Personeel se temperatuur sal aan die begin en aan die einde van die skooldag geneem word.
- Leerders en personeel wat siek voel moet tuis bly. Hulle moet vir COVID-19 simptome gemonitor word en moet ook die skool in kennis stel indien die persoon getoets gaan word.
- Spesifieke opleiding sal aan alle personeel oor die skool se higiëniese program gegee word.
- Klasgroepe sal nie gemeng word nie.
- Aparte dele van die speelterrein sal afgekamp word vir vryspeltyd waar personeel sal toesig hou en sosiale afstand kan handhaaf en die nodige ontsmetting doen.

2. DAAGLIKSE ONTVANGS BY DIE NASORGHEK:

Die skool tref die volgende reëlings om te verseker dat die leerders veilig ontvang en die nodige prosedures gevolg word om die COVID-19 virus te bekamp:

- Skool open om 7h00.
- Ouers/Voogde gaan ingang tot die skoolterrein verkry deur gebruik te maak van die nasorghek. Daar gaan 'n "inry en aflaai" prosedure gevolg word waar slegs drie motors in die betrokke aflaai-area toegelaat gaan word om sodoende verkeer beter te reguleer.
- Almal moet maskers dra. (Gr R Leerders en ouers/voogde)
- Geen ouer mag uit die voertuig klim nie.
- Aangewese personeel sal leerders by die motorvoertuig ontvang met 'n vraelys wat deur die ouers/voogde beantwoord moet word.
- Die leerders moet indien moontlik reeds REGS agter aan die passasierskant sit om die proses te vergemaklik.
- Die leerders se temperatuur sal met n elektroniese termometer gemeet word. Geen leerder mag uitklim voor hul temperatuur gemeet is nie. Indien die leerder se temperatuur 38°C of hoër is, mag die leerder nie uitklim nie en moet die ouer die leerder huis toe neem, asook boeties en sussies.
- Indien die temperatuur laer as 38°C is, mag die leerder uitklim waarna die leerder se hande deur 'n aangewese personeellid ontsmet sal word. Tasse en skoene sal ook gedisinfekteer word.
- Die leerder sal deur 'n personeellid na sy/haar klaskamer geneem word.

3. DIE AFHAAL VAN LEERDERS

- Die Nasorghek sal weereens gebruik word vir die afhaal van die leerders.
- Afhaaltyd van die Graad R leerders sal tussen 12h00 en 13h00 wees, aangesien daar nie nasorg beskikbaar gaan wees nie. Die tyd mag verander wanneer die ander groepe terugkeer skool toe. **Leerders mag nie later as 13h00 afgehaal word nie, die skool word ontsmet direk daarna**.
- Ouers wat leerders na skool kom haal, moet in hul voertuig bly en ten alle tye 'n masker dra.
- Personeel sal die leerder na die voertuig vergesel. Dit gaan 'n tydsame proses wees, maar ons vertrou op u samewerking in die verband.

4. HANTERING VAN OUERS EN BESOEKERS BY DIE SKOOL

- Afsprake met die hoof of personeel kan via e-pos, telefonies of whatsapp gereël word.
- Besoekers sal deur die toetsing prosedure moet gaan wat deur die sekretaresse hanteer gaan word.
- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel ontsmet word .

- Slegs twee persone word op n slag in die voorportaal toegelaat. Dit sluit die sekretaresse uit.
- Sosiale distansie moet ten alle tye nagekom word.
- Besoekers sal verplig word om maskers te dra.
- Elke persoon wat ingaan, moet die Nasionale Departement van Gesondheid se COVID-19 vraelys invul.
- Nuwe inskrywings of enige finansiële aspekte moet by ontvangs aanmeld en deur die nodige prosedure gaan soos bespreek hierbo.

5. KONTROLELYS VIR DIE SKOOL

- Skoonmaakprogram vir personeel en werkers word gevolg.
- Personeel moet ten alle tye maskers dra.
- Buite-apparaat en speelgoed sal daagliks ontsmet word.
- Die sandput sal nie gedurende hierdie tyd gebruik word nie.
- Gereelde vullisverwydering sal plaasvind.
- Klaskamers word voorsien van asblikke met deksels.
- Identifisering van hoë risiko-oppervlakte soos telefone, deurrame, badkamers, deurknoppe, skuifdeure en meubels.
- Ventilasie is belangrik in klaskamers, daarom sal ons verseker dat ons leerders deurentyd vars lug het.
- Plakkate rakende COVID-19 oor goeie higiëniese praktyke sal oral sigbaar wees.

6. VOORSORGMAATREËLS OM DIE COVID-19-VERSPREIDING EFFEKTIEF TE BEKAMP:

- Bly tuis indien u siek is.
- Bly tuis as jou temperatuur 38°C is.
- Nies en hoes in jou elmboog.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Gereelde skoonmaak van oppervlaktes en artikels.
- Vermy enige fisiese kontak met ander mense.
- Dra ‘n materiaal masker, ten alle tye, wat u ken, mond en neus bedek.

7. SIMPTOME VAN COVID-19 :

- Koors (38°C)
- Hoes
- Kort van asem
- Lyf seer
- Keel seer
- Hoofpyn
- Naar/Diarree/opgooi
- Moegheid
- Rooi oë

- Verlies aan reuk of smaak

In ernstige gevalle kan die infeksie lei tot longontsteking of asemhalingsprobleme. Raadpleeg u dokter indien u nie gesond voel nie.

8. HOË RISIKO LEERDERS

Hoë risiko leerders word gekenmerk aan die volgende kriteria:

- Diabetes
- Asma
- Hoë bloeddruk
- Hartsiektes
- Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande

Ouers moet die mediese vorm van onderliggende siektes invul en terugstuur.
Geen leerders met onderliggende siektes mag skool toe gestuur word nie.

9. PROSEDURE INDIEN N PERSONEELLID/LEERDER SIEK LYK OF SIMPTOME TOON WAT VERBAND HOU MET COVID-19

Wanneer 'n leerder of personeellid siek lyk of simptome toon van COVID-19, soos droë hoes, hoë koors, respiratoriese nood of 'n seer keel, moet die volgende prosedure gevolg word:

- Isoleer die leerder/personeellid en hou hom/haar apart van ander leerders en personeel.
- Die leerder/personeellid se temperatuur sal weer gemeet word in die isolasie-kamer.
- Die ouers of voogde sal dadelik in kennis gestel word. In die geval van n personeellid sal die hoof in kennis gestel word.
- Die ouer/voog ontvang die leerder by die nasorghek. Die personeellid met simptome moet die terrein dadelik verlaat.
- Ouers/voogde of personeellid moet in kontak bly met die skool rakende hul toestand.
- Die leerder of personeellid moet eers aansterk by die huis voordat hul terugkeer skool toe.
- Dit word nie van skole verwag om COVID-19-gevalle te identifiseer nie.

10. STRATEGIE VAN DIE SKOOL MET DIE UITBREEK VAN COVID-19 IN DIE SKOOL

- Daar sal onmiddelik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- 'n Volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was sal verskaf moet word.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.

- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n COVID-19 uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die **Departement van Gesond-heid.**

11. SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK:

- Beheerliggaam van Kokkewiet Pre-Primêr
- Ons skool se ouergemeenskap
- KZN Departement van Onderwys
- KZN Departement Maatskaplike Ontwikkeling
- The National Institute For Communicable Diseases
- SAPS Nr: 10111

12. AKSIE WAT GENEEM WORD WANNEER N GEVAL VAN COVID-19 BEVESTIG IS:

- Die skool sal gekontak word deur die betrokke Openbare Gesondheidsbeamptes om die saak te bespreek, om mense wat in kontak met die besmette persoon was, te identifiseer en te adviseer oor verdere optrede of voorsorgmaatreëls wat geneem moet word.
- Openbare Gesondheidsamptenare, met die hulp van toepaslike personeel, sal 'n risikobepaling uitvoer en aanbevelings gee oor die hantering van leerders en personeel.
- In die meeste gevalle sal die sluiting van die skool nie nodig wees nie. Die besluit om die skool te sluit sal skool- en konteks spesifiek wees.

13. AKSIE WAT GENEEM MOET WORD WANNEER N LEERDER AAN N BEVESTIGDE SAAK VAN COVID-19 BLOOTGESTEL MAG GEWEES HET

- Almal wat noue kontak met 'n bevestigde COVID19-geval gehad het, moet vir 14 dae tuis bly, terwyl hulle vir simptome gemonitor word. Hulle mag nie die skool bywoon nie.
- Leerders wat nie kontak met 'n bevestigde COVID-19-geval gehad het nie, moet skool bywoon. Familie en vriende wat nie noue kontak met die bevestigde geval gehad het nie, hoef geen voorsorgmaatreëls te tref, tensy hul simptome begin ontwikkel.
- Leerders wat met n gesonde kontak van n bevestigde saak interaksie gehad het, behoort nie van die skool uitgesluit te word nie.
- Alle persone wat kontak gehad het met bevestigde gevalle en simptomaties word, moet onmiddellik getoets word deur gesondheidsowerhede vir COVID-19,en as hul positief toets vir COVID-19, sal aktiewe kontak opsporing en selfkwarantyn vir alle kontakte geïmplementeer word.

14. VOLG DIE NODIGE PROSEDURE WANNEER N PERSOON WAT SIEK WAS, GESOND GEWORD HET:

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan leerders terugkom?

- Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Ouers moet die hoof skakel en die negatiewe uitslag aan hul verskaf.
- Die hoof sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

15. KOMMUNIKASIE TUSSEN HUIS/GEMEENSKAP EN DIE SKOOL.

Volgens wetgewing moet personeel en leerders wat positief vir COVID-19 getoets is, by die skool en Departement van Gesondheid aangemeld word. Mense wat siek word, se kontak met ander individue moet nagevolg kan word om die virus sover moontlik te bekamp.

Enige nuwe inligting wat die skool ontvang sal so spoedig moontlik aan die gemeenskap gekommunikeer word.

16. KOMMUNIKASIE HULPMIDDELS

Plakkate sal in die badkamers en buite die klaskamers aangebring word om leerders, ouers, en personeel te herinner aan goeie higiëniese gewoontes om almal teen die virus te beveilig.
Plakkate wat aangebring sal word sal die volgende onderwerpe hanteer:

- Was van hande
- Sosiale afstandsbeheer
- Goeie higiëniese praktyke
- Hoes en nies in jou elmboog
- Geen fisiese kontak

17. MASKERS

- Dit word vereis dat slegs Gr R Leerders maskers moet dra.
- Dit is verpligtend vir alle personeel om maskers te dra.
- Ouers en voogde moet maskers en enige ander vorm van beskermende apparaat aan leerders(Gr R) voorsien.
- Ouers moet 'n ekstra masker saam stuur indien die masker dalk verlore sou raak.

- Die masker moet die leerder/ouer en personeel se ken, mond en neus bedek.
- Lap maskers moet daagliks gewas word.

18. SOSIALE AFSTAND

Aparte dele van die speelterrein sal afgekamp word om beter beheer oor leerders se beweging te handhaaf. Klasgroepe gaan nie gemeng word nie en bly die hele dag by hul eie klasopvoeder.

Speelgoed sal nie deur leerders gedeel word nie.

Skerms tussen leerders sal strategies geplaas word om sosiale afstand te beheer.

Slegs twee leerders sal per tafel gesit word. Skerms sal in die middel van die tafels geplaas word om die verspreiding van die virus te voorkom. Die skerms sal op 'n gereelde basis ont-smet word.

Waar leerders in rye moet staan sal daar duidelike kinder vriendelike afgemerkte spasies van 1 meter wees.

Met die infassering van die jonger groepe sal die leerders in kleiner groepe ingedeel word sodat sosiale distansie beter gereguleer sal kan word.

19. VERVERSINGSTYD

- Hande sal voor en na ete gewas word.
- Leerders se hande sal onder lopende water met seep gewas word.
- Leerders se hande sal met papierhanddoeke afgedroog word.
- **Geen kosblikke gaan toegelaat word nie**.
- Leerders se kos moet in plastiese sakkies gepak word sodat dit na die tyd weggegooi kan word.
- **Geen kos wat warm gemaak moet word mag skool toe gestuur word nie**.
- Leerders moet hul eie koeldrankbottels saambring wat duidelik gemerk moet wees.

20. AFSTANDSONDERRIG

Aangesien ouers die keuse het of hul wel hul kinders skool toe wil stuur, gaan ons steeds voort met afstandsonderrig vanaf 6 Julie 2020 vir al die groepe, d m v WhatsApp. Daar is volle begrip vir ouers wat nie daarmee gemaklik is om hul kinders skool toe te stuur nie.

21. VERANTWOORDELIKHEDE EN PLIGTE VAN OUERS EN VOOGDE

- Gr R Leerders moet twee maskers skool toe bring.
- Kleredrag, maskers en tasse moet daagliks gewas word.
- Ouers moet op hoogte bly van inligting aangaande COVID-19.
- Verduidelik aan die leerder die toepassing en noodsaaklikheid van die voorsorgmaatreëls op hul vlak.

- Monitor u kind se gesondheid en as u kind siek voel hou hom by die huis en raadpleeg u huisdokter.
- Leerders moet onmiddellik gehaal word wanneer die skool verdaag.
- Ouers moet ten alle tye in hul voertuig bly met die aflaai en optel van die leerders.

22. SKOOLTYE

Skool sluit oop om 7h00 en sluit weer om 12h00.

23. SKOOLGELD

Dit is 'n ouer se eie keuse of u u kind gaan skool toe stuur. Dit is egter belangrik dat ouers moet onthou dat skoolgeld wel verpligtend is. Ons vra dat elke ouer hul skoolfonds verpligtinge sal nakom. Daar is uitgawes en salarisse wat maandeliks betaal moet word. Skoolgelde is belangrik vir n suksesvolle bestuur van die skool.

Baie dankie aan die ouers wat wel skoolfonds verpligtinge nakom. Kokkewiet se toekoms lê in die hande van ons ouers.

Baie dankie vir u samewerking en lojaliteit aan die skool.

Vriendelike groete

Fiona Janse van Rensburg

_____

ME F JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF

As erkenning van ontvangs, skeur asb af en stuur/e-pos terug voor/op 6 Julie 2020

COVID-19: VEILIGHEIDSMAATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN VIR OUERS

Ek _____ ouers van _____ groep _____ neem kennis van die inhoud van hierdie dokument en onderneem om my volle samewerking te gee vir die be-veiliging van my gesin en gemeenskap.

_____ _____

DATUM **HANDTEKENING: OUER/VOOG**